# 2023 Voorgeskrewe letterkunde Graad 12

## Gedig 4: Eksamenlokaal - Suzaan Laing

*Verskuns* vir Eerste Addisionele Taal, bladsy 60-62

KONSEP



## Gedig 4. Eksamenlokaal - Suzaan Laing

1. Digvorm
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming

Aktiwiteit 4

# 1. Digvorm

*Eksamenlokaal* kan as ŉ vrye vers beskou word. Die gedig bestaan uit 11 reëls van wisselende lengtes. Daar is vyf strofes. Strofe 4 is ŉ alleenplasing ter wille van die beklemtoning van tyd. Daar is geen vaste rymskema nie.

# 2. Analise

Die titel verwys na die plek waar die eksamen plaasvind/geskryf word.

**Eksamenlokaal - Suzaan Laing**

1. **Haar skoene klik** hard op die **houtvloer**
2. **soos sy** op en af **stap**
3. tussen rye **tjoepstil banke**

r. 1: "Haar" verwys na die onderwyseres wat toesig hou in die eksamenlokaal.
Dit is waarskynlik 'n ou skoolsaal met 'n houtvloer.
Die leerders **hoor** haar skoene op die houtvloer "klik".

r. 2: Die leerders **hoor** hoe die onderwyseres op en af stap terwyl sy toesig hou tydens die eksamensessie.
Alliterasie: Herhaling van die s-klanke. Beklemtoon die spanning wat die leerders ervaar terwyl hulle eksamen skryf en die onderwyseres toesig hou.

r. 3: Die spreker verwys na die leerders as "banke" wat baie stil sit.
Let op die kontras tussen "hard" (reël 1) en "tjoepstil" (reël 3).

## Opsomming van STROFE 1

Die eerste strofe fokus op die onderwyseres wat tussen die leerders se banke deurloop terwyl sy toesig hou. Die spreker gebruik sy **sintuie** om waar te neem.

4. Nou en dan kraak die blaai van ŉ blad
5. die Septembereksamenlug.

r. 4: Die bladsye “kraak” wanneer dit omgeblaai word. Die spreker **hoor** wanneer ander leerders hulle antwoordboeke omblaai.

r. 5: Die eksamen word in September geskryf. Die atomosfeer (“lug”) is gespanne.

## Opsomming van STROFE 2

Die tweede strofe fokus op die leerders se antwoordboeke sowel as die tyd waarin die eksamen geskryf word. Die spreker gebruik weereens sy/haar **sintuie** om waar te neem.

6. hande bewe met rukke oor skoon wit velle
7. los ’n inkwarboel agter.

r. 7: **Nadat** die leerders hulle antwoorde neergeskryf het, is “die wit velle” nie meer skoon nie, maar ’n deurmekaarspul van ink.
**“warboel”** deurmekaar/gemors/chaos.
Letterlike betekenis: Skryfwerk is onnet/die leerders krap die woord/antwoord neer.
Figuurlike betekenis: Feite en inligting is deurmekaar.

r. 6: Leerders se hande wat “bewe” wys op hulle angs tydens die eksamensessie. Die “skoon wit velle” verwys na die leë bladsye **voordat** die leerders begin antwoord het. Die spreker **sien** die bladsye wat skoon is. Hy/sy **voel** die hande wat bewe.

**Opsomming van STROFE 3**

Die derde strofe fokus op die  die leerders wat die vraestelle beantwoord en die spanning wat hulle daarmee ervaar. Die spreker gebruik weereens sy/haar **sintuie**.

8. Die horlosie tel twee ure af.

r. 8 Die alleenplasing beklemtoon die tyd wat ŉ faktor in die eksamen is.
Die spreker **hoor** en **sien** die horlosie.
Die horlosie wat die ure aftel is personifikasie.

**Opsomming van STROFE 4**

Die vierde strofe fokus op die **tyd** wat verbygaan. Die spreker gebruik weereens /haar **sintuie**.

9. **Sy stap stadig** en **oes die stelle een vir een**
10. **Blou op wit:**
11. **Ryp** met **gistermiddag se kennis.**

r. 11: Leerders leer die dag voor die eksamen.
Die "oes" is "ryp" verwys na die antwoordboeke wat nou vol van die leerders se kennis is en ingeneem word om nagesien te word.

r. 9: Die spreker neem 3 aksies van die onderwyseres waar. Sy ….

- stap stadig;
- neem die antwoordboeke in;
- neem dit "een vir een" in.

Alliterasie: Herhaling van die s-klanke. Beklemtoon dat die onderwyseres die antwoordboeke stadig, een vir een, inneem.

r. 10: Blou ink op wit papier. Die dubbelpunt beklemtoon die weergee van die leerders se kennis.

**Opsomming van STROFE 5**

Die vyfde strofe gaan weer oor die onderwyseres wat die antwoordboeke inneem. Die spreker beskryf alles wat hy/sy **sien**.

# Opsomming

- Suzaan Laing was in graad 8 toe sy hierdie gedig geskryf het. Sy beskryf die tipiese atmosfeer wat in ŉ eksamenlokaal heers. Dit handel oor die leerder se angs en onsekerheid terwyl die tyd ook nie stilstaan nie Die horlosie wys op die tyd wat verbygaan.
- Daar is die leerders wat gespanne die vraestel moet beantwoord, terwyl hulle “tjoepstil” sit. Dan is daar die onderwyseres wat “hard” op die houtvloer stap, terwyl sy toesig hou.
- Uiteindelik is die tyd verby en word die antwoordstelle “een vir een” deur die onderwyseres ingeneem.

# 3. Tema en boodskap

Die **tema** van die gedig is die tipiese omstandighede en stemming wat ’n mens ervaar wanneer jy eksamen skryf.

Die **boodskap** uit die gedig kan daarop dui dat die leerders nie net die vorige dag vir die eksamen voorberei nie, maar reeds vooraf begin leer het om die spanning wat hulle ervaar te verminder.

# 4. Beeldspraak en stylfigure

**Eksamenlokaal - Suzaan Laing**

1. Haar skoene **klik hard** op die houtvloer
2. soos sy op en af stap
3. tussen **rye tjoepstil banke**

r. 1: **Klanknabootsing** beklemtoon die harde geluid wat die onderwyseres se skoenhakke op die houtvloer maak.

r. 1-3: Die **enjambement** beklemtoon bewegings van die onderwyseres tydens die eksamensessie. Die onderwyseres se toesig is aaneenlopend soos die enjambement.

r. 3: **Personifikasie**: Die banke kry menslike kwaliteite soos "tjoepstil". **Metafoor**: Die leerders word metafories gelykgestel aan banke.

r. 1-3: **Kontras**: Beklemtoon die kontras tussen die onderwyseres wat gehoor kan word terwyl die kinders stil sit en eksamen skryf (Intensiewe vorm van stil).

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
A Reading Nation is a Leading Nation

4. Nou en dan **kraak** die blaai van ŉ blad
5. die **Septembereksamenlug**.

r. 4: **Klanknabootsing** beklemtoon hoe hard die omblaai van ŉ bladsy in die stilte klink.

r. 5: **Neologisme**: Nuwe woord wat gevorm is om belangrike inligting so weer te gee. Die leerders ervaar die spanning in die atmosfeer tydens die skryf van ŉ eksamen in September.

6. Hande bewe met rukke oor **skoon wit** velle
7. los ’n **inkwarboel** agter.

R 6: Verwys na ongebruikte, leë blaaie.

r. 6-7: Kontras: Beklemtoon die verskil tussen die antwoordboek **voor** die leerder begin skryf en nadat hy geskryf het.

r. 7: **Neologisme**: Nuwe woord wat gevorm is om belangrike inligting so weer te gee. Letterlike betekenis: Handskrif is nie netjies nie of dit  wat die leerders skryf (antwoorde) is deurmekaar.

8. **Die horlosie tel** twee **ure af.**

r. 8: **Personifikasie:** Menslike eienskappe word aan die horlosie gegee, nl. om twee ure af te tel.

9. Sy stap stadig en oes die stelle een vir een
10. Blou op wit:
11. Ryp met gistermiddag se kennis.

r. 10: Die leerders skryf met blou penne (ink) op wit blaaie. Die dubbelpunt beklemtoon die weergee van die leerders se kennis/die antwoorde wat die leerder geskryf het.

r. 11: Die leerders se antwoorde word gelykgestel aan dit wat hulle die vorige dag geleer het/die voorbereiding vir die vraestel.

# 5. Toon en stemming

**Toon**: In die *Eksamenlokaal* voel die spreker gespanne en bang terwyl hy/sy eksamen skryf.

**Stemming**: Daar heers ŉ ernstige stemming.

# Aktiwiteit 4

- Voltooi aktiwiteit 4 in die Studiegids: *Verskuns* vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal, Graad 12 EAT Voorgeskrewe teks.

Lees die gedig weer deur en beantwoord dan die vrae:

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | In die eerste strofe is daar ŉ kontras (teenstelling) tussen die onderwyser en die leerders. Beskryf hierdie kontras. | (2) |
| 4.2 | "tussen rye tjoepstil banke" is ŉ voorbeeld van personifikasie. Verduidelik hierdie beeldspraak. | (1) |
| 4.3 | Hoe dink jy voel die leerders wat eksamen skryf, volgens strofe 3? | (1) |
| 4.4 | Strofe 4 bestaan uit slegs EEN versreël. Verduidelik wat die digter hiermee bereik. | (1) |

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

# Aktiwiteit 4

| | | |
|---|---|---|
| 4.5 | Noem die TWEE sintuie wat die spreker in hierdie gedig gebruik. Hoekom dink jy maak hy van hierdie sintuie gebruik? | (3) |
| 4.6 | In watter maand het die leerders eksamen geskryf? | (1) |
| 4.7 | Hoe word tyd beklemtoon? Noem TWEE tegnieke wat die digter gebruik. | (2) |
| 4.8 | Kan jy met die spreker in die gedig identifiseer? Verduidelik jou antwoord. | (1) |



# eit 4

4.9 Bestudeer die volgende prente. Skryf telkens ’n enkele versreël uit die gedig neer wat by die prent pas. Verduidelik die reël in EEN KORT SIN.

4.9.1



4.9.2



4.9.3



4.9.4



4.9.5




4.9.6



(12)
**[24]**

# BRONNE:



- Vraag 4.9.2
- https://as1.ftcdn.net/v2/jpg/03/02/45/10/1000_F_302451068_Ucwf2PVFiLEBxPNSy0t4jzrClpew9FTU.jpg



- Vraag 4.9.1
- https://as1.ftcdn.net/v2/jpg/03/00/99/28/1000_F_300992891_JFtA9gFwZtZOfa5VnugUl5loHhvfG9zP.jpg




- 4.9.4
- https://t3.ftcdn.net/jpg/03/35/00/02/240_F_335000208_XJyUUnkg2TPfrMfiHPWW9LtCvea3x46K.jpg



- 4.9.6
- https://t4.ftcdn.net/jpg/03/13/59/83/240_F_313598338_vucDG0sfBP1zryid0LG5b33gyh15Njz9.jpg



- 4.9.5
- https://stock.adobe.com/za/images/vector-classic-black-round-wall-clock/77247404



- 4.9.3
- https://stock.adobe.com/za/images/isolated-female-legs-in-red-high-heels-studio-shoot/295055905

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

# Dankie.

www.education.gov.za

Facebook: DBE SA
Twitter: @DBE_SA

Callcentre@dbe.gov.za
Callcentre: 0800 202 933